

Tydens die takbyeenkoms op 9 Oktober praat Nina De Caires (née Vieira) oor die tema Aannemings en die herkomsinterpretasie van die volwasse aangename kind. Nina is tans die aannemingsbestuurder by Child Welfare Tshwane (voorheen bekend as Pretoria Kinder- en Gesinsorg Vereniging). Die vereniging se geschiedenis strek terug tot 1918. Nina het baie jare se ondervinding as maatskaplike werker oor die hele spektrum van wat dit behels. In die breë sluit dit staturêre werk, verskeie tipes assessorings en terapieë, hantering van afhanklikhede, berading, versorging en ondersteuning in. Meer spesifiek behels haar werk die afgelope klompie jare al die aspekte rondom aanneming, insluitend ondersteuning van volwasse aangename persone. Sy behartig ook mediaskakeling en -onderhoude in haar professionele hoedanigheid.

Nina het die volgende oor haar self te vertel:

Ek is van Portugese afkoms en is in Pretoria as die jongste van drie kinders gebore.

Was van Graad 1 tot matriek in Loreto Convent en het BA (Maatskaplike werk) aan die Universiteit van Pretoria verwerf.

Het in 1990 by Pretoria Kinder- en Gesinsorg Vereniging wat nou as Child Welfare Tshwane bekend is, begin werk. Ek het 'n groot deernis met en empatie vir mense, veral mense wat swaarkry en ek glo dat ons 'n verskil in die samelewing kan maak. Ek is 'n trotse Suid-Afrikaanse burger en is maklik aanpasbaar. Ek werk al baie jare vir Kinderbeskerming – het begin om te werk met kinderverwaarloosning, kindermishandeling, terapie, bestuur en werk nou al 13 jaar met aannemings. Ek het baie goeie werkverhoudings deur al die jare gebou en is steeds gemotiveerd om 'n verskil in mense se

## Aannemings en die herkomsinterpretasie van die volwasse aangename kind

Saterdag

9 Oktober 2021 @ 14:00

VTM Kunsgallery en Zoom Takbyeenkoms

**Die biblioteek is oop vanaf 10:00**

Spreker: **Nina de Caires**



lewens te maak.

Ek was vir 26 jaar getroud en het 3 wonderlike kinders, twee dogters van 27 en 26, en 'n seun van 19. Die belangrikste in my lewe is my Skepper, my kinders, en natuurlik my werk.

Stokperdjies: Hou van die buitelewe, stap, stel belang in verskillende kulture en sou graag die wêreld wou deurreis; ek hou van lees en sosiale geleenthede. Ek versamel kruise, en elke kruis wat ek het, het 'n spesiale betekenis of herinnering vir my.

Mense gee my energie en om verandering in mense se lewens te maak, bly my passie. Ek glo my roeping is om 'n toekoms vir weggooibabas en -kinders te skep en om gesinne wat op ons pad kom in ons aannemingsafdeling by Child Welfare Tshwane te bou. Ons is en bly 'n instrument in God se hande in die plasing van babas en kinders.

Dit is dus vir my 'n voorreg om deel van mense se lewensstories te wees en om aangename volwassenes te help om meer van hulle biologiese familie en hul stories te kan uitvind.



The true character of a society is revealed in how it treats its children

Nelson Mandela

Unsplash